Hoërskool Ben Viljoen 4 Junie 2010 Jaar 6 Uitgawe 6

Ben Viljoen Bulletin

Skoolvakansie:

10 JUNIE
-
12 JULIE

BEN VILJOEN WINTERSPORT BLOM!

Limpopo Hokkie Kampioenskappe
Ben Viljoen
Saterdag 5 Junie
Kom ondersteun!

Limpopo Netbalkampioenskappe by Ben Viljoen

Vrydag 28 Mei en Saterdag 29 Mei het die Limpopo Netbalkampioenskappe by Hoërskool Ben Viljoen plaasgevind. Daar het 25 spanne aan die kampioenskappe deelgeneem en 120 wedstryde is gespeel. Groot- en mediumskole speel in dieselfde liga en ding dus almal teen mekaar mee. Ben Viljoen se spanne het dus te staan gekom teen spanne van grootskole soos PHS, Ellisras, Ben Vorster, Frikkie Meyer, Tom Naudé, Merensky en Frans du Toit.

Die o/14-, o/15-, o/16- en 2de span het Vrydag 28 Mei in die B-afdeling (vir B-spanne) van die kampioenskappe gespeel en almal deurgedring na die semifinaal. Hulle verloor egter in die semifinaal.

Die o/16A- en 1ste span speel beide Saterdag 29 Mei in die A-afdeling (vir A-spanne). Die o/16-span vaar goed en dring deur tot die semifinaal waar hulle teen Merensky te staan gekom het. Hulle verloor ongelukkig hierdie wedstryd met 2 punte.

Baie geluk aan al die spanne wat aan die kampioenskappe deelgeneem het en met julle puik spel, julle het goed gevaar.

Ben Viljoen rugbyspanne speel Limpopo Semifinale

Vier van Hoërskool Ben Viljoen se rugbyspanne (o/14 A, o/15 A, o/16 A en die 1ste span) speel Saterdag 5 Junie 2010 in die Limpopo Semifinaal vir mediumskole. Al die spanne speel by Hoërskool Louis Trichardt en hulle hoop dat die gemeenskap van die Loskopvallei hulle sal kom ondersteun! Die o/14's, o/15's en 1ste span kom almal teen Hoërskool Louis Trichardt te staan, terwyl die o/16's teen Hoërskool Frans du Toit gaan speel. Ons wens hierdie spanne sterkte toe met hierdie belangrike wedstryd.

Ben Viljoen hokkie stoomroller opponente

Die seuns- en meisiehokkiespanne van Hoërskool Ben Viljoen het hierdie naweek weereens uitstekende vertonings gelewer.

Die o/15- en 2de seunspanne wen hulle wedstryde teen Hoërskool Eric Louw, terwyl die o/14-, o/15-, o/16- en 2de meisiespanne almal hul wedstryde teen Hoërskool Frikkie Meyer wen. Die 1ste meisiespan speel gelykop 1 – 1 teen Frikkie Meyer.

Die meisiespanne van Hoërskool Ben Viljoen het hierdie seisoen nog nie 'n enkele wedstryd afgestaan nie, slegs gelykop gespeel, 'n merkwaardige prestasie!

Al die meisiespanne speel die komende Saterdag op Ben Viljoen se velde in die Limpopo uitspeelwedstryde teen sewe ander skole. Daar dring 5 van Ben Viljoen se spanne deur na hierdie ronde, die meeste van al die skole. Die skole wat aan die uitspeelwedstryde deel gaan neem is: Ben Viljoen (5 spanne), Piet Potgieter (4 spanne), Frikkie Meyer (3 spanne), Nylstroom (3 spanne), Louis Trichardt (3 spanne), Warmbad (1 span), Frans du Toit (1 span) en Stanford College (1 span).

Vanaf 9 tot 12 Junie vind die o/16 Provinsiale toernooi ook by Ben Viljoen plaas. Vyf van Hoërskool Ben Viljoen se spelers is verkies om aan hierdie toernooi deel te neem. Ander provinsies wat aan die toernooi deelneem is Gauteng, Noordwes en Mpumalanga.